Doodsengel.indd 1 13/05/2019 11:04:25

Ook deur Madelein Rust

Spanningsverhale

Bloedlyn
Die 13de Kaart
Lam ter slagting
Monstersaad
Moordhuis

Niefiksie

Kanker schmanker!

Doodsengel.indd 2 13/05/2019 11:04:25

Doodsengel

Madelein Rust

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

Doodsengel.indd 3 13/05/2019 11:04:25

Opgedra aan pa Adolf.
Oor die diepte van jou hart vir die kleinste, lelikste enetjie
in die werpsel – en vir dié wat seer het.
Rus sag.

© Teks: Madelein Rust 2019
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.5 op 12.9 pt Leawood
deur LAPA Uitgewers
Teksredakteur: Jeanette Ferreira
Omslagontwerp: Flame Design
Gedruk en gebind deur Novus Print,
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2019

ISBN 978-0-7993-9512-9 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-9513-6 (ePub)
ISBN 978-0-7993-9514-3 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag
op enige manier gereproduseer word
sonder die skriftelike toestemming van die
kopiereghouers nie.

Voorwoord

Geen skrywer laat ooit die werklikheid in die pad staan van 'n goeie storie nie. Ek is geen uitsondering nie. Hierdie verhaal hou dus geen verband met enige instansie, organisasie of persoon nie, ongeag enige moontlike ooreenkomste.

Doodsengel.indd 6 13/05/2019 11:04:25

Een

Vrydag 16 Maart 2018

Hy is dood.

Magdalena Bakkes se hortende asemstote vul die heelal, word die ruising van duisende mal branders.

Apokalips.

Einde van alles wat was.

Bewegingloos. Hy lê bewegingloos op haar en sy hande, daardie groot hande van hom, is stil, dit ruk nie meer aan haar klere nie, grawe nie meer in haar vlees nie en die lang skroewedraaier is 'n nuwe deel van daardie vet gesig.

Daar is 'n ander klank in hierdie nuwe wêreld.

Die geluid van haar paniekerige gehyg is vervang deur die gesing van miljoene sonbesies in haar ore. Verder is daar niks.

Daar is stilte.

Sy huil geluidloos, proe bloed en whiskey en die sout van trane in haar mond. Nee, Vader van die heelal, moenie, help my vannag dat ek net kan wegkom van die dooie

man af, weg van my maaksel, want ek het hom doodgemaak.

Sy druk en stoot aan die logge lyf, probeer orent beur in die klein spasie op die agtersitplek van die dubbelkajuitbakkie. Daar is los gereedskap onder haar wat diep in haar vlees druk. Die dooie man se gewig keer haar om asem te haal en sy sien die agterkant van die skroewedraaier – nou aansienlik korter – uit die hoek van haar oog hier reg langs haar.

Die donkerte dreig om haar weg te vat van hierdie plek af, maar sy veg daarteen. Haar lyf moet weg, nie net haar kop nie.

Johannes een vers vyftien. Sy onthou Daddy se droë stem hier digby haar oor in die soelte van 'n plaasnag: "Then when lust has conceived, it gives birth to sin; and when sin is accomplished, it brings forth death."

Sissend soos 'n slang. Spoegspatsels op haar wang. Die reuk van brandewyn en Coke verstikkend op die ou man se asem. Die herinneringe is 'n golf wat dreig om haar weg te spoel.

Ma, help my, wil sy skree, maar sy weet daar is vir haar in haar ontsetting geen hulp nie, net soos daar destyds niks was nie. Die suising in haar ore vererger weer en die ou magteloosheid druk haar keel toe, pen haar vas onder die man met die skroewedraaier in sy oog.

Hy beweeg.

Ja, dit was nie haar verbeelding nie. Hy hét beweeg.

Sy trek haar asem diep in. Dit kan nie wees nie.

Dooie mense beweeg nie. Leef hy nog? Miskien het sy verkeerd gekyk, miskien is …

"Help my!" 'n Vrou se stem. 'n Diep stem. Kras. "Moenie net daar lê nie, jou idioot!"

Die man se lyf beweeg weer.

En daar is 'n nuwe gewaarwording. Vars, koel lug. Iemand het die bakkie se deur oopgemaak. Iemand, die een

of ander engel uit die hemel gestuur, probeer die dooie verkragter van haar aftrek. Die besef blaas die lewe in haar terug. Sy probeer haar hande op sy skouers kry sodat sy hom in die rigting van die oop deur kan stoot.

Sy kan die nagklubgeluide nou weer hoor. Die ge-boem-boem-boem van tromme, die trillings van 'n baskitaar en die gelag en gejil van dronk nagklubgangers.

"Trek harder," huil sy histeries. "Trék! Asseblíéf! Ek kan nie …"

Die liggaam beweeg verder afwaarts en sy kry 'n behoorlike greep op sy skouers, stoot, wriemel, druk, probeer haar rug boog om hom van haar af te gooi. Ná 'n ewigheid van swetende sparteling is die dooie man se kop tussen haar oopgesperde bene.

Sy skree geluidloos van die afsku, haar oë toegeknyp en haar mond wyd oop. Dit kos bomenslike inspanning om haar verstand bymekaar te hou.

Soos in die ou dae praat sy met haarself, daardie geluidlose gesprekke en instruksies, want niemand mag weet nie.

Komaan, fluister die stem in haar kop. Dis amper verby. Komaan. Kyk, daar is nou vastrapplek op sy skouers.

Met krag gebore uit afsku en weersin en haat laat rus sy haar voete op die vet skouers en sy skop. Soos 'n vrou wat geboorte gee, dink sy irrelevant. Haar gedempte kreet van inspanning meng met die verbaasde steun van die vrou buite die kar. Sy hoor hoe die man se kop metaal tref en in die stilte tussen twee liedjies – in daardie nagklub op die ander, normale wêreld net hier anderkant – is daar 'n dowwe plof op die teerpad.

"Fok," kners die vreemde vrou.

Magdalena sit regop, sleep haarself oor die gereedskap na die anderkantste deur toe en stamp dit oop. Die deur kom met die skerp klapgeluid van metaal op baksteen tot stilstand teen die muur van die gebou langs die nagklub. Dis te klein, die opening is te klein, mens kan

nie daardeur nie, gil die ander stem, die histeriese een, in haar kop.

"Hiernatoe," blaf die vrou daar buite, "jy kan nie daar uit nie. Is jy fokken blind?"

Magdalena skud haar kop wild. Sy wil nie naby hom wees nie. As sy by daardie deur uitklim, sal sy naby hom wees, dalk aan hom moet raak, dalk op hom moet trap. Dan eerder vir altyd hier bly, in die fetale posisie opgekrul.

"Kom. Wil jy vannag tronk toe gaan?" Die vrou se gesig is 'n bleek ovaal onder digte swart hare. Sy leun by die deur in, 'n skraal hand winkend. "Kom, ek help jou."

Net nie die selle nie.

Nooit weer die selle nie.

Magdalena gryp die hand, hou daaraan vas terwyl sy oor die sitplek skuif in die rigting van die oop deur. In haar haas tuimel sy by die deur uit, kom te lande op die lyk. Sy knyp haar oë toe, byt op haar tande om 'n nuwe kreet te keer en rol van die sagte, weerstandlose liggaam af, haar kort romp nog hoog teen haar heupe opgebondel.

"Waar is jou panties?"

Magdalena skud haar kop stom. Sy het nie meer haar onderklere aan nie.

Die vrou duik by die bakkie in, kom te voorskyn met Magdalena se een skoen en die geskeurde swart kant wat minder as vyf minute gelede nog 'n broekie was. Sy druk dit in Magdalena se hande. "Waar is jou ander skoen?"

Magdalena sien die skoen 'n ent verder lê en beduie bewend in daardie rigting. Sy het baklei. Geskop omdat haar arms teen haar lyf vasgeklem was. Sy het probeer keer dat hy haar by sy kar indwing, sy het! As sy net nie soveel gedrink het nie.

"Dis nie my skuld nie, ek sweer," fluister sy. Sy herken nie haar stem nie. Dis die stem van 'n moordenaar.

"Ek het gesien wat gebeur," sê die vrou. Sy oorhandig

die ander skoen aan Magdalena. "Moenie worry nie. Hy het gekry wat hy verdien. Fokken vark." Woede en iets soos satisfaksie sit in die vrou se stem. "Dis nie nodig dat jy tronk toe moet gaan omdat jy jou teen die scumbag verset het nie. Waar is jou kar?"

"Daar." Magdalena druk haar ken in die rigting van die loodgrys Renault Laguna wat so honderd meter verder af in die steeg geparkeer staan. Toe sy 'n paar uur vroeër daar parkeer het, was daar mense in die stegie. Die plek het nie gevaarlik gelyk nie.

"Waar is jou handsak?"

"Ek het dit in my kar gelos," sê Magdalena bewend. "In die kattebak."

"Kom. Jy moet hier wegkom. Sal jy kan bestuur?"

Magdalena knik een keer. Dan nog 'n paar keer vinnig. Enigiets, net nie die selle nie. Dit is seer, besef sy toe sy agter die vrou aan na haar kar toe drafstap. Haar lyf. Binne en buite. Veral binne.

Sy sluk verbete aan die trane.

Hy was in haar, die vark, die vuil gemors. Mens kry jou nie skoon nie. Nooit weer nie. Niemand weet dit beter as sy nie.

"Karsleutels?" Die vrou hou haar hand na Magdalena uit. Een kyk na Magdalena se gesig laat haar sag en aanhoudend vloek. Sy laat sak haar hand.

Magdalena staar in die rigting van die dooie man se bakkie. Hy lê soos 'n walvis langs die vuil wit Isuzu, sy arms bo sy kop uitgestrek. Sy het die sleutelkaart in haar hand gehad toe hy haar van agter af vasgryp. Dit was so skielik. Hy was so onmenslik, bonatuurlik sterk.

As sy net nie soveel gedrink het nie.

"Ek dink ek het dit laat val toe hy my gryp," hoor sy die moordenaar se doodse stem sê.

"Bly hier," sê die vrou en draf weer in die rigting van die bakkie. Dit voel na ure voor sy terugkeer. Sy sluit die Lagu-

na met die afstandbeheerder oop en druk die sleutelkaart in Magdalena se hand. "Klim! Ry!"

Magdalena klim bewend in die voertuig, skakel dit aan. "Dankie," sê sy deur die oop deur.

"Ry," sê die vrou weer en klap die deur toe.

Magdalena trek weg, dankbaar vir die outomatiese ratkas. Haar bene bewe so dat sy beswaarlik die rem en die petrolpedaal kan beheer.

Toe sy in die truspieël kyk, sien sy net twee rye karre in die rooi gloed van haar kar se remme.

Die vrou is weg.

Asof sy nooit bestaan het nie.

Twee

Die agt en twintig kilometer vanaf die klub in Langenhovenpark tot by haar kleinhoewe langs die Renosterspruit buite Bloemfontein is betekenisloos. Toe Magdalena die Laguna by die motorhuis intrek en langs die Citi Golf parkeer, besef sy dat sy nie weet hoe sy hier gekom het nie. Die gebeure in die stegie het oor en oor en oor in haar kop afgespeel.

Wat sou gebeur het as sy nie die skroewedraaier op die agtersitplek gevoel het nie? Die ding was haar redding. Sy einde, maar haar redding. Wat sou gebeur het as sy hom net gelos het dat hy doen wat hy wil? Sou hy haar verkrag en laat gaan het? Sou hy haar doodgemaak het?

Sy laat val die huissleutels 'n paar keer voordat sy dit regkry om die sleutel in die slot te druk, onthou net betyds om die alarmstelsel af te skakel voor sy by die houttrappe opstorm na die en suite-badkamer. Sy ruk haar klere van haar af, bewend van haas en walging, is nog besig om haar bra uit te trek toe sy in die stort klim. Die kokende water slaan haar asem weg, maar sy byt op haar tande en bly staan. Hy moet weggebrand word. Elke plek waar sy

vel aan hare geraak het, moet skoongebrand word, ontsmet word. As dit moontlik was om uit haar vel te klim sou sy dit gedoen het.

Sy skrop genadeloos tussen haar bene en huil van frustrasie. Hoe maak mens jou daar binne skoon?

Sy klim byna 'n uur later uit die stort, haar vel rooi gebrand en opgehewe van die geskrop met die loefa. Die donssagte japon wat sy vroeër vanaand oor die stoel by die spieëltafel gehang het, voel soos skuurpapier teen haar vel. Met 'n handdoek om haar hand gevou, gaan tel sy die klere langs die stort op en neem dit na die binnehuise braai op die grondvloer. Sy haal die rooster af en sit die klere bo-op die hout wat reeds netjies opgestapel is, reg vir die braai wat vir môre gereël is.

Daar is 'n kan petrol in die motorhuis. Toe sy haar geskeurde broekie uit die kar gaan haal, toegevou in die handdoek, kry sy sommer die kan en neem alles na die braaier toe. Daar is 'n bevredigende swoesjgeluid toe die klere, die handdoek en die hout vlamvat. Swart rookbolle vul die braaier, maar die skoorsteen suig dit gretig op.

Sy gaan skink vir haar 'n halwe glas whiskey, sien verwonderd dat haar hande nie meer so erg bewe nie. Sy gaan sit op een van die groot banke voor die braaier, trek haar asem in van die pyn. Hy het haar seergemaak dáár.

Mens moenie daaraan dink nie.

Jy maak of dit nie gebeur het nie. Jy vertel jouself dat dit tog net jou lyf is, nie jou siel nie. Dat niemand jou siel kan aanraak nie, tensy jy hulle toelaat.

Die pyn gaan verby.

Dis net die onthou waarmee mens moet planmaak.

Sy sit met 'n glas whiskey in haar hand en kyk hoe die vuur aan die klere vreet, luister hoe die hout knetter. Die reuk van petrol is iets suiwers en skoons op hierdie Bloemfonteinse somernag.

Dit is toe daar net kooltjies in die braaier oor is dat die

besef soos 'n yskoue waterval oor haar stroom. Sy het nie meer haar selfoon nie, het dit uit haar handsak gehaal voordat sy die handsak in die kattebak toegesluit het. Die karsleutel en die selfoon was in haar hand toe die man haar gegryp het. Haar selfoon lê op die toneel waar 'n man vermoor is.

Die werklikheid vou tergend stadig oop in haar brein.

Die skroewedraaier en sy bakkie sal vervuil wees van haar vingerafdrukke, van haar velselle en hare. Haar DNS sal aan daardie dik penis sit. Haar vingerafdrukke is in die polisie se databasis. Hulle sal nie sukkel om die bewyse op die toneel met ene Magdalena Bakkes te verbind nie.

Sy het verniet gevlug.

En hierdie keer is dit erger. Hierdie keer het sy haar nie aan die polisie oorgegee nie. Sy het iemand doodgemaak en toe gevlug. Hulle sal haar nie glo nie. Vir die polisie sal sy die vrou wees wat 'n derde keer gemoor het. Die een wat nie weer daarmee sal wegkom nie.

Sy krul haar in 'n bondeltjie op, kreun van die pyn.

Hierdie keer moet hulle maar na haar toe kom. Sy is moeg.

Dit sal gou gaan om die foon met haar te verbind. Die res mag langer neem, maar die uitkoms is 'n saak van absolute sekerheid.

Haar lewe is verby. Nee. Haar lewe is ook verby, nes dié van die verkragter. Ure later, haar ore nog gespits vir die geluid van polisiesirenes of 'n gehamer aan die voordeur, raak sy aan die slaap.